FORUM

# 'N PERSPEKTIEF OP MAKROGEMEENTES VANUIT DIE WESENSAARD VAN DIE KERK VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT[1]

H C van Zyl[2]

## ABSTRACT

A PERSPECTIVE ON MACRO CONGREGATIONS AS SEEN FROM THE TRUE NATURE OF THE CHURCH ACCORDING TO THE NEW TESTAMENT

The article argues the case for New Testament guidelines to the phenomenon of macro congregations today — churches in excess of 3 500 church members. After dealing with some methodological matters, the following topics are treated: the church being both an eschatological community — a foreign body in the world — and part of this world. Sub-topics like the church as small group and large community, unity and diversity, and charism and office in the church, are treated. The article concludes with a view remarks from the above exposition with a view to macro congregations.

## 1. VOORAF

Voor 'n perspektief op makrogemeentes vanuit die Nuwe Testament (NT) gebied kan word, moet die besondere omstandighede en knelpunte van makrogemeentes eers kortliks uitgelig word.

Die blote feit dat daar 'n studiegroep in die lewe geroep is om oor makrogemeentes te besin, wys dat laasgenoemde eienskappe vertoon wat die tradisionele siening van 'n gemeente onder druk plaas. Wat is hierdie eienskappe? Daar sou sekerlik ander byvoegings gemaak

1 Referaat gelewer tydens 'n werksbyeenkoms van die studiegroep vir makrogemeentes van die NG Kerk in die OVS, te Kopano Nokeng, 15 Maart 1999. Vir dié publikasie effens gewysig en uitgebrei.

2 Prof H C van Zyl, Hoof, Dept Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

kon word, maar wat volg is redelik tiperend van die probleme waarmee makrogemeentes worstel:

- snelle uitbreiding wat doeltreffende bestuur bemoeilik
- vinnige "omset" van ('n deel van) die gemeente
- lomp struktuur en spasieprobleme
- lidmate wat gemeente as oorgeorganiseerd ervaar; elkeen is slegs 'n klein ratjie in 'n groot masjien
- lidmate wat vreemdelinge vir mekaar is; onpersoonlike verhoudings; individu verdwyn in die massa
- lidmate wat "wegkruip" en/of onbetrokke is
- 'n heterogeniteit wat dreig om die gemeente te verdeel en te laat verbrokkel; uiteenlopende smake wat bevredig moet word
- moeilik om hele gemeente te betrek; die makrogemeente word in effek tot 'n "kerngemeente" gereduseer
- swak toesig deur die ampte en/of tradisionele status en funksie van ampte wat onder druk verkeer
- moontlike spanning onder predikante

'n Mens sou bogenoemde soos volg kon saamvat: 'n verlies van Christelike identiteit en gebrek aan egte koinonia, wat op sy beurt ingebed is in die tipiese hedendaagse samelewingsverskynsel van die massafikasie van die mens.[3]

In alle billikheid moet bygevoeg word dat identiteitsverlies en gebrek aan koinonia nie uitsluitlik die probleme van makrogemeentes is nie. Dit word ook in kleiner gemeentes ervaar. In makrogemeentes manifesteer die probleem egter as akuut.

Die negatiewe gevoelens wat 'n mens het wanneer oor verskynsels soos hierbo uitgelig, besin word, kom juis na die oppervlak omdat vanuit 'n versweë of uitgesproke kerkbegrip gedink word. En dis

3 Aan die ander kant bevat makrogemeentes ook veel wat positief is: dis 'n mikrokosmos van die kerk in die breë, naamlik belewing van eenheid, verskeidenheid en ekumenisiteit (verskillende, selfs uiteenlopende opvattings wat verrykend kan inwerk); die beskikbaarheid van 'n groot poel talente, gawes, vaardighede en hoëvlak kundighede; finansies wat normaalweg beter is as dié van kleiner gemeentes; 'n hele span leraars wat samewerking, aflos en spesialisering moontlik maak; ensovoorts.

presies op die punt van kerkbegrip dat die NT 'n wesenlike perspektief te bied het. Hier moet egter versigtig getrap word. Daar is geen direkte raakpunte tussen die NT en die praktiese probleme van hedendaagse makrogemeentes nie. Om maar een aspek te noem: die NT ken nie so iets soos 'n makrogemeente nie. Hier tref ons slegs klein huiskerkies aan; selfs die groter byeenkomste kon ook in 'n huis inpas.[4] Die NT is verder nie 'n handige *vade mecum* om ons uit eietydse kerklike probleme te help nie. Wat ons eerder behoort te doen, is om (a) wesenstrekke van die kerk uit te lig, wesenstrekke waarsonder 'n kerk nie kerk kan wees nie, ongeag hoe groot of hoe klein hy is of in watter tyd hy bestaan, en (b) om dit binne 'n groter raamwerk te plaas wat moontlik lig kan werp op die tipiese probleme waarmee makrogemeentes vandag worstel. Wat (b) betref, wil ek veral die aandag vestig op die worsteling van die eerste eeuse kerk om enersyds waarlik kerk van die Here Jesus te wees, en andersyds steeds in die wêreld as relevant ervaar te word.

Voor ek die NT gegewens aan die orde stel, wil ek vir 'n oomblik terugkeer na die opmerking in die vorige paragraaf dat die NT nie iets soos 'n makrogemeente ken nie. Die vraag kan egter gestel word: wat van die drieduisend mense wat volgens Hd 2:41 op die pinksterdag by die getal van die (honderd en twintig? — Hd 1:15) gelowiges in Jerusalem gevoeg is? Wys dit nie in die rigting van 'n "kits-makrogemeente" nie? Verder word in Hd 4:4 vermeld dat die gelowiges (letterlik: "mans") tot ongeveer vyf duisend gegroei het. Dit wil ook lyk asof die getallevermeerdering tot organisatoriese probleme gelei het, want in Hd 6:1 lees ons van die Griekssprekende Jode wat kla dat hul weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien word. Die manier waarop Lukas hierdie probleem aan die orde stel, koppel dit aan die feit dat die gelowiges "steeds meer geword het" (6:1). Hierdie gebeure lei uiteindelik tot strukturele aanpassings in die gemeente: daar word sewe manne gekies om die

4 Vgl die uitdrukking "hele gemeente" in 1 Kor 14:23, asook korrelate uitdrukkings soos "saamkom", "bymekaarkom" en "samekomste" van die gemeente in 1 Kor 11:17-18,20,33-34 en 14:26. Hierdie uitdrukkings suggereer groter byeenkomste van die gemeente in Korinte wat steeds in 'n enkele huis plaasgevind het (Van Zyl 1997:39).

noodsaaklike versorgingswerk te doen sodat die apostels hulle op die gebede en Woordbediening kan toelê (Hd 6:3-4).

Om egter uit hierdie gegewens allerlei "Bybelse beginsels" vir hedendaagse makrogemeentes af te lei, is nie gerade nie, om die volgende redes: eerstens, hoewel ons Lukas se groot getalle nie in twyfel hoef te trek nie (vgl Reinhart 1995),[5] is ons nie seker hoeveel hiervan werklik permanente lidmate en hoeveel pelgrims was wat ná die Fees van die Weke weer na hulle eie gebiede teruggekeer het nie (Reinhart 1995:264). Die permanente lidmaattal van die gemeente in Jerusalem kon dus veel minder gewees het as die syfers wat Lukas aangee. Tweedens, benewens die organisatoriese aspekte wat vlugtig in Hd 6 genoem word, weet ons verder nie veel van hoe die Jerusalemse gemeente struktureel daar uitgesien het nie. Derdens, selfs al het ons meer geweet, sou dit nie beteken dat ons vandag daardie strukture klakkeloos kon oorneem nie. Daarvoor verskil die omstandighede tussen destyds en vandag te veel. Die antwoord lê nie in die oorneem van strukture wat in die NT voorkom nie — as sou dit modelle vir tyd en ewigheid wees nie — maar in die bestudering van die teologie oor die kerk in die NT. Dít is wat ons vir vandag moet deurdink en gestalte aan moet gee in nuwe omstandighede, presies wat ons in die volgende afdeling wil doen.

In afdeling 2 word enkele aspekte van die teologie oor die kerk in die NT bespreek, en in afdeling 3 sal die drade van die onderwerp onder bespreking saamgevat word.

## 2. DIE NUWE-TESTAMENTIESE KERK — 'N VREEMDE LIGGAAM IN HIERDIE WÊRELD

Twee wesenskenmerke van die kerk word hier bespreek,[6] en terselfdertyd geproblematiseer vanuit eerste eeuse perspektief om sodoende nader na vandag te beweeg.

5 Dit was voorheen 'n gewilde standpunt om die groot getalle in Handelinge af te maak as deel van Lukas se hiperboliese entoesiasme oor die vinnige en ongehinderde uitbreiding van die Christendom (vgl Haenchen 1971:188-189).

6 Kenmerke wat ook deur Schnackenburg (1981:118-140) as wesenlik vir die kerk uitgelig word.

## 2.1 Die kerk as eskatologiese gemeenskap

Toe Jesus op die toneel verskyn, het hy begin om te preek: die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle (Mt 4:17; Mk 1:15). Hier is duidelik twee sake teenwoordig: koninkryk van God en bekering. Wesenlik gaan dit in die koninkryk om die realisering van die eindtydelike Godsregering wat deur die OT profete gevisualiseer is en in Jesus se tyd as verwagting in baie Joodse groepe se harte geleef het. Dit verteenwoordig God se eindtydelike, nuwe wêreld wat in die tyd inbreek. Van hierdie nuwe wêreld is Jesus beide die bringer en beliggaming. Die koninkryk bring 'n nuwe simboliese universum tot stand waaraan mense hulleself in die wêreld kan oriënteer. Die ou orde het verbygegaan, dit het alles nuut geword. En hoe kry 'n mens deel aan hierdie nuwe orde? Deur bekering. Dit behels dat jy afstand doen van die ou orde en God se nuwe orde aanvaar. Jy moet 'n paradigmaskuif ondergaan, in ander kategorieë begin dink, en toelaat dat hierdie harts- en denkeverandering jou lewe verander.

Die korrelaat vir die koninkryk is die Gees van God. Die koms van die Gees met krag is, soos die koms van die koninkryk, ook teken van die eindtyd. So laat Hd 2:15-21 duidelik blyk. Dit is dan ook veral Lk-Hd (Lk 4:18; 24:49; Hd 1:8; 2:4) — en Paulus (Rm 8) — wat beklemtoon dat die Christen se lewe nie meer deur swakheid en sonde beheers word nie, maar deur die Gees wat krag en lewe gee. Die Christen deel nou in al die gawes van Christus en is in staat om in eie lewe gestalte te gee aan die koninkryk se beginsels en norme.

Die koninkryk is daarom die ruimte waarbinne die kerk optree; dit normeer die optrede van die kerk. Die kerk moet die vrugte van die koninkryk lewer (Mt 21:43); of, in terme van die Gees gestel, die vrug van die Heilige Gees dra (Gl 5:22-23). Hierdie denkpatroon word regdeur die NT aangetref. Dis een van die wesenseienskappe van die kerk dat dit 'n eskatologiese gemeenskap is wat in hierdie wêreld vanuit ander- of nuwe-wêreldse norme en insigte leef. Dit leef vanuit die oortuiging dat daar meer is aan die lewe as wat voor oë is; meer nog: dat hierdie wêreld nie die primêre of finale werklikheid is nie (Russell 1994:6), maar deur die koninkryk te bowe gegaan word; ja, dat die koninkryk — as jou oë eers daarvoor oopgegaan het — 'n allesoorheersende werklikheid is wat jou ganse bestaan rig en bepaal.

Daarom dat Paulus sulke radikale raad oor die huwelik kan gee: dis goed om te trou (dis die wet van die lewe), maar dis beter om nie te trou nie ('n vreemde, ander-wêreldse siening). Die rede vir dié siening? — sodat jy al jou aandag aan die saak van die Here kan gee (1 Kor 7:32). Die huidige bedeling soos ons dit ken, is aan die verbygaan; die tyd is min. Daarom moet dié wat getroud is, leef asof hulle nie getroud is nie, dié wat bedroef is asof hulle nie bedroef is nie, dié wat iets aankoop asof hulle dit nie besit nie (1 Kor 7:29vv).

'n Uitvloeisel van die anderwêreldse opvattings wat die lewe van die kerk normeer, is dat die kerk "sektariese" trekke vertoon (Russell 1994:4), ten minste as ons die kerk se aanvangsjare in oënskou neem. Hiermee word bedoel: die kerk was nie deel van die hoofstroomdenke nie, maar het 'n klein groepie aan die rand van die samelewing gevorm wat hulle aan ander simbole en norme as die aanvaarde in die samelewing georiënteer het. Die kerk het 'n eie etiek wat nie vir buitestaanders sin maak nie: aan armes word die aarde belowe; vervolgdes word gelukkig genoem; word jy op die een wang geslaan, bied ook die ander een aan; word van jou een myl geëis, loop nog een saam; gee jou klere weg; moet hoegenaamd nie sweer nie — jou erewoord is voldoende; seën diegene wat jou vervloek; jou vyande moet jy liefhê (Mt 5:33-48); eerstes sal laaste wees, en andersom (Mk 9:35); God se wêreld is vir dié wat soos kindertjies dink (Mt 18:1-5); en nog baie meer. Hierdie andersheid van die kerk bring mee dat hulle enersyds deur die samelewing verag en gespor word, selfs as mensehaters uitgekryt word. Andersyds oefen die kerk se leefwyse 'n vreemde aantrekkingskrag uit. Daar sit iets in om jou volledig op God te werp en alles van Hom te verwag.

Hierdie eskatologiese wesenskenmerk van die kerk het egter van die begin af in spanning tot — en soms in konflik met — die realiteite van die lewe verkeer. Die kerk het besef dat hy steeds in die wêreld is. Christene is tegelyk burgers van twee wêrelde en moet noodwendig rekening hou met hulle omgewiug as hulle enigsins 'n impak wil maak. Die evangelie kom nie in 'n buiteaardse gewaad nie, maar in een wat mense kan herken. Dis veelseggend dat hierdie tendens, naas dié van die koninkryk, ewe sterk teenwoordig is in die NT, as 't ware kris-kras loop deur koninkryksnorme. Dieselfde Paulus wat so radikaal oor die huwelik skryf, herinner die Korintiërs daaraan

dat hulle nie uit die wêreld kan padgee nie (1 Kor 5:9-10). Hy verklaar ook met drif hoe hy alles in sy vermoë gedoen het om almal met die evangelie te konfronteer: vir die Jode het hy soos 'n Jood geword, vir dié sonder die wet soos een sonder die wet, om in alle gevalle mense vir Christus te red (1 Kor 9:19-23). Hiermee wil Paulus sê dat hy nie bang was om aanpassings te maak sodat die boodskap op 'n relevante en inheemse manier by mense kon uitkom nie. En al het hy die reg gehad om van die evangelie te leef, het hy verkies om vir sy eie onderhoud te sorg sodat geen struikelblokke in die weg van die evangelie gelê word nie (1 Kor 9:12). Die sogenaamde huiskodes in Ef 6, Kol 3:18vv en 1 Pt 3 is gedrenk in beide koninkryksnorme en in die wysheid van die Griekse wêreld. Baie studies het al aangetoon dat die huiskodes wat in die NT voorkom ook by die Griekse moraalpredikers gevind word. In die NT kry die kodes egter 'n nuwe oriëntasie en begronding: nie blote morele deugde nie, maar diens aan God in Christus vanuit 'n bekeerde hart. Verder is die Handelingegeskrif 'n sprekende voorbeeld van hoe die Christendom in hierdie wêreld 'n volwaardige staanplek kry. Die hele trant in hierdie geskrif is dat die Romeinse owerhede en regstelsel ook tot beskikking en beskerming van Christene daar is, en dat selfs hoë figure soos Feliks, Festus, Agrippa — en die keiser! — nie onaangeraak deur die evangelie bly nie. Die wêreld is nie 'n ondeurdringbare vesting nie, maar kan vir Christus verower word. Handelinge probeer ook aantoon hoe die kerk nie tot 'n blote sektariese randverskynsel in die destydse wêreld uitgerangeer word nie, maar sy plek in al die groot stede van destyds vind (vgl Dudley & Hilgert 1987:38-51). Dis nie om dowe neute dat Paulus se reise langs die hoofroetes en hoofstede van die Romeinse Ryk loop nie.

Hierdie insigte wil sê: waar die kerk maklik sou kon versand in 'n irrelevante groepie andersdenkendes, het gesonde nugterheid altyd verseker dat die kerk sy relevansie behou en mense inspireer om in hiérdie wêreld vanuit Gód se wêreld te leef. Die kerk is nie teen-natuurlik nie, maar wil juis hierdie wêreld vir God opeis. En om dit te kan doen, moet die kerk die middele, kennis en kundigheid wat die wêreld bied, ten volle gebruik. Maar nie so dat hy sy wese verloor nie. Die kerk is soos 'n waagarties wat 'n gevaarlike balanseertoertjie op 'n koord uitvoer met afgronde wat voortdurend aan weerskante gaap.

## 2.2 Die kerk as gemeenskap van gelowiges

In hierdie afdeling word die klem geplaas op die feit dat die kerk in die NT as 'n gemeenskap van gelowiges geteken word. Anders as wat dikwels by die Griekse en Romeinse moraalpredikers gevind word, is die Christelike etiek nie primêr individuele etiek nie, maar gemeenskapsetiek. Die kerk is nie 'n privaatervaring nie, maar 'n gemeenskapservaring (Russell 1994:5). Hierdie insig kan ook as 'n wesenskenmerk van die kerk aangemerk word. Daar is baie aspekte wat hier aangesny kan word, maar daar sal kortliks op slegs drie gekonsentreer word: die kerk as kleingroep en grootgroep, eenheid en verskeidenheid in die kerk, en die kerk as charismatiese grootheid sowel as organisasie.

### 2.2.1 Die kerk as kleingroep en grootgroep

'n Tendens wat in die jongste tyd taamlik aan die posvat is in gemeentes is die vorming van sogenaamde huiskerke of selgroepe. Hierdeur word 'n poging aangewend om iets van die koinonia wat so maklik wegraak in die grootkerk-opset, terug te wen. Daar word dan baie gewag gemaak daarvan dat die kerk in die NT uitsluitlik uit huiskerke bestaan het, en dat dit die resep was vir sy sukses in veral die eerste eeu. Dikwels hoor 'n mens ook die oproep dat ons moet terugkeer na die model van die NT kerk, te wete die huiskerk, met die implikasie dat die tradisionele kerk eintlik 'n afbuiging is van die NT ideaal.

Oor hierdie onderwerp is al baie geskryf. Die resultate kan as volg saamgevat word (vgl Van Zyl 1997). Die standpunt dat die huiskerk die NT model vir die kerk is, is 'n mite. Dit word gewoon nie gerugsteun deur goeie Bybelondersoek nie. Dit is wel so dat die vroeë gemeentes almal in huise bymekaar gekom het, maar dit was nie vanweë teologiese oorwegings nie, maar gewoon uit noodsaak. Daar was geen ander moontlikheid vir Christene as om in huise bymekaar te kom nie. Dit was waarskynlik vermoënde lidmate se huise, omdat dié groot genoeg moes wees om 'n aantal mense te huisves, veral as 'n hele omgewing se gelowiges ter sprake was (vgl 1 Kor 14:23: "hele gemeente"; kyk ook voetnoot 4). War meer is, dit is duidelik dat Paulus van die begin af die gevare van partyskappe, wat 'n uitvloeisel van die huiskerke in die Korintiese gemeente was, teengewerk het

met die klem op die eenheid van die liggaam van Christus (1 Kor 12,14). Hierbenewens dui die verdere ontwikkelinge, soos gereflekteer in die Pastorale Briewe, op die teenwoordigheid van dwaalleringe in die huiskerke (vgl Tt 1:11; 1 Tm 5:13; 2 Tm 3:6). Daarom dat die Pastorale Briewe soveel klem lê op die "gesonde leer" wat deur die ouderling/opsiener bewaar moet word (1 Tm 3:15). Maar ten spyte van die gevare verbonde aan huiskerke, bly die huis en familie een van die beelde waarmee die kerk in die NT beskryf word (vgl Ef 2:19,22; 1 Pt 2:5; 4:17).

Huiskerk en grootkerk, kleingroep en grootgroep, mag dus nie teen mekaar afgespeel word nie. Beide is 'n korreksie op mekaar en het mekaar nodig. Enersyds is die kerk veel meer as wat in 'n enkele huis tot stand kan kom; andersyds mag die kerk nie tot 'n lomp, onpersoonlike struktuur ontwikkel wat aan warmte en intimiteit mank gaan nie.

### 2.2.2 Eenheid en verskeidenheid in die kerk

Die kerk in die NT vertoon 'n komplekse prentjie ten opsigte van eenheid. Eerstens is daar 'n ryke verskeidenheid van gemeentes wat elkeen volledig kerk van die Here is, soos duidelik blyk uit die manier waarop Paulus elke gemeente aanspreek en hanteer (vgl Rm 1:7; 1 Kor 1:2; Flp 1:1; Kol 1:2, ens). Tweedens is gesonde verskeidenheid nie as 'n bedreiging vir eenheid beskou nie. In die eerste Korintiërbrief bestry Paulus juis die strakke eenvormigheid wat sommige lidmate met hul (skouspelagtige) gawes op die gemeente wou afdwing deur te wys op die verskeidenheid van gawes wat die Gees aan die gemeente gee. Op sy beurt is verskeidenheid egter nie 'n doel op sigself nie; dit moet die eenheid van die gemeente dien (kyk "liggaam van Christus" hieronder). Daarom dat verskeidenheid nooit 'n selfstandige tema in die NT is nie. Dit kom altyd in samehang met die eenheid van die kerk voor. Derdens is dit ook duidelik dat daar in die gemeentes dikwels interne onenigheid voorgekom en skeuring gedreig het. Gedurig moet Paulus vermaan tot samewerking en eensgesindheid (vgl 1 Kor 1:10-17; 3:1-9). Vierdens, ook tússen gemeentes moes die eenheidsband bewaar word (vgl Hd 15; Gl 2:1-14).

Die rede vir die vermaning tot eenheid lê nie bloot in strategiese of funksionele oorwegings nie. Dit gaan nie soos met hedendaagse politieke partye wat ter wille van groter impak op die kieserspubliek teen wil en dank saamwerk, ten spyte van groot ideologiese verskille tussen hulle nie. Nee, die rede vir die vermaning tot eenheid en eensgesindheid is gegrond in die diepe eenheid wat kragtens die versoeningswerk van Christus reeds tussen gelowiges bestaan, hetsy bínne een gemeente hetsy tússen gemeentes.

Dis veral Paulus (asook geskrifte wat agterna vanuit sy "invloedsfeer" ontstaan het) wat verhelderend skryf oor die wesenlike eenheid van die kerk van Christus, ten spyte van die groot aantal plaaslike kerke en onderlinge struwelinge. Paulus gebruik twee beelde om die grondliggende eenheid uit te druk: die kerk as volk van God en as liggaam van Christus.[7]

## Volk van God

Dis vernaamlik die gebruik van *ekklesia* deur Paulus en die vroeë kerk wat heenwys na die konsep van die kerk as die eindtydelike en universele Godsvolk (vgl Roberts 1984:294-300). Ten grondslag van die begrip *ekklesia* lê die *qehal Jahwe*-gedagte, die OT volk van God wat in die kultus vergader (vgl ook Dunn 1998:537-541; Giles 1995:24-25,230-240). In die LXX word *qahal* met *ekklesia* weergegee, dieselfde woord vir "kerk" in die NT. En dis by uitstek in Efesiërs — 'n geskrif uit die invloedsfeer van Paulus — wat die gedagte uitgebou word dat beide Jode en heidene in Christus tot één nuwe mensheid of volk van God saamgevoeg is (Ef 1:13; 2:11-22), en waar eksplisiet gestel word dat daar maar één Here, geloof, hoop, en God en Vader van almal is (Ef 4:4-6). Die belangrike punt vir ons onderwerp is dat die eenheid 'n gegewene is. Dis nie eers wanneer gelowiges uit nood of eie keuse mekaar begin opsoek dat daar eenheid ontstaan nie. Die eenheid het reeds in Christus tot stand gekom. Al wat gelowiges kan doen, is om die gegewe eenheid te beoefen (of dit te misken).

7 Roloff (1993:88) noem dit die twee fokuspunte van die Pauliniese ekklesiologie.

Liggaam van Christus

Hier is twee gedagtes belangrik, en albei onderstreep die wesenlike eenheid van die kerk. Eerstens word die plaaslike kerk met die werking van 'n liggaam vergelyk (1 Kor 12:12-31). Net soos 'n liggaam uit verskillende ledemate bestaan wat as één liggaam funksioneer, is die kerk ook 'n liggaam wat uit verskillende gawes/lede bestaan wat veronderstel is om nie téén mekaar te werk nie, maar die eenheid van die liggaam te dien. Tweedens word in Efesiërs en Kolossense klem gelê op Christus as die hoof van die liggaam (Ef 1:22-23; 4:15; Kol 1:18; 2:19). Die gedagte voorop is dat Christus die oorsprong, oriëntasiepunt en regeerder van die liggaam/kerk is. Ten diepste is die eenheid van die universele kerk dus daarin gegrond dat daar maar één hoof is, Jesus Christus.

### 2.2.3 Charisma en organisasie in die kerk

Daar was lank 'n opvatting onder baie Nuwe-Testamentici dat die wesensaard van die kerk daarin lê dat dit 'n charismatiese grootheid is. Daarvolgens hoort formele strukture nie in die kerk, wat homself spontaan, onder leiding van die Gees organiseer nie. Watter gawes ookal nodig is vir 'n bepaalde tyd, sal deur die Gees voorsien word. Die grondslag vir dié siening lê daarin dat Paulus geen ampte in sy kerke sou geken het nie, maar net van gawes praat. Wanneer die formele ampte wel later op die toneel verskyn — met name in die Pastorale Briewe — het die charismatiese gees in die kerk reeds begin taan. Die ontstaan van ampte is gevolglik 'n afwatering van die oorspronklike bedoeling van die kerk as charismatiese grootheid. Charisma en amp staan dus téénoor mekaar.

Daar het egter reeds 'n grondige kentering in hierdie opvatting gekom (vir 'n oorsig hieroor, kyk Van Zyl 1998). Soos wat die ondersoek van die NT gevorder het, is al meer besef dat amp en charisma in die vroeë kerk nooit in kompetisie met mekaar was nie. Reg van die begin af het daar 'n sterk gesagstruktuur in die kerk gegeld. Alles was nie maar eensydig aan charismatiese leiding oorgelaat nie. Die insigte wat tot hierdie veranderde siening gelei het, het veral uit twee oorde gekom: die bestudering (a) van die huiskerke in die NT en (b) van die kontak tussen Christendom en Jodedom in die vroeë jare. Wat laasgenoemde betref, bestaan 'n sterk

vermoede dat sekere leierskapvorme uit die sinagoge in die Christendom oorgeneem is, byvoorbeeld die ouderlingfiguur. Wat die huiskerke betref, word dit vandag wyd aanvaar dat die *paterfamilias*-figuur (die hoof van die uitgebreide gesin) reg van die begin 'n belangrike rol in die kerk gespeel het, beide in Palestina en in die Griekse wêreld. Die huiskerkopset het aan die kerk die nodige stabiliteit en gesagstruktuur verleen wat dit in die aanvangsjare nodig gehad het. Dis hierdie gesagsfigure wat in die Pastorale Briewe sterk na vore kom (ouderling/opsiener en diaken), maar wat Paulus ook reeds ken (vgl Flp 1:1 *episkopoi* en *diakonoi*). Weliswaar het die kerk ook 'n charismatiese inslag gehad, soos 1 Kor 12, 14 aantoon, maar, sonder om hardhandig op te tree, werk Paulus die eksesse hiervan teë deur ondubbelsinnig die primaat van die Woordbediening te stel (1 Kor 14:1-5), en ook deur die "gewone" organisatoriese werkinge as gawes van die Gees aan te merk (Rm 12:6-8).

## 3. SAMEVATTENDE OPMERKINGS MET DIE OOG OP MAKROGEMEENTES

Die drade van ons onderwerp moet nou uit die bostaande uiteensetting saamgevat word. Dit word gedoen in 'n paar kort standpuntstellings. Die oorhoofse gedagte wat uitgekristalliseer het, is dat daar voortdurend 'n fyn balans tussen die teologiese wesensaard van die kerk en alledaagse gesonde verstand gehandhaaf moet word. Ek stel dit eintlik verkeerd, want ten diepste is daar geen teenspraak tussen teologiese denke en gesonde verstand nie. Teologiese denke is nie teen-natuurlik nie, en gesonde verstand behoort ook met God rekening te hou. Maar in hierdie gebroke werklikheid word 'n mens soms gedwing tot ietwat ongenuanseerde formulerings om 'n punt tuis te bring.

3.1 Dis vir my duidelik dat enige gemeente, maar veral 'n makrogemeente — omdat laasgenoemde so maklik in 'n groot, sekulêragtige bedryf kan ontaard — 'n fyn aanvoeling moet hê vir die kerk as *anderwêreldse grootheid* met 'n bediening *in hierdie wêreld*. Dis presies die worsteling waarin die eerste-eeuse kerk gewikkel was, soos in 2.1 hierbo beskryf. Die klem val nou eers

op die **anderwêreldse dimensie**. Hoe belangrik dit ook al is dat 'n makrogemeente met goeie bestuursvaardighede bedien sal word, mag dit nooit uit die oog verloor word dat die kerk in die eerste instansie Geesvervulde visioenêre nodig het en nie goeie bestuurders nie. Om dit pront-uit te stel: die kerk soek primêr leiers met teologiese visie en diepgang, en nie mense met MBA's nie. Wanneer 'n gemeente slegs op glad geoliede wieletjies loop, maar nie oor leiers beskik wat vanuit God se wêreld die gemeente voortdurend troos en tot Christelike verantwoordelikheid oproep nie, gaan so 'n gemeente mank aan een van die wesenskenmerke van die kerk. 'n Gemeente mag nooit sy identiteit as anderwêreldse grootheid prysgee nie, want dan hou hy op om kerk te wees.

3.2 Net soos die kerk in die eerste eeu met sy **relevansie** geworstel het, sal veral makrogemeentes dit ook vandag moet doen. Daar moet voortdurend besin word hoe om die kerk so te bedien dat dit die mens van vandag aanspreek. Hier word allermins gepleit vir die invoer in die kerk van al wat 'n goedkoop gemeensaamheid is. Só is die kerk nie relevant nie, maar raak hy juis al hoe minder relevant. Relevansie moet met teologiese integriteit gepaar word; dit moet die mens van vandag in sy ware eksistensie aanspreek, en hom/haar nie net vir 'n paar oomblikke laat ontspan of geestelik laat lekkerkry en dan met 'n kluitjie in die riet wegstuur nie. Bill Gates, die grootbaas van Microsoft Corporation, se sukses word daaraan toegeskryf dat hy een van daardie rare mense is wat in sy persoon tegniese kundigheid met 'n geniale besigheidsin paar. Iets hiervan moet die kerk ook regkry: teologiese diepgang met 'n fyn aanvoeling vir waar die skoen die lidmaat eksistensieel druk.

3.3 Soos die probleem reeds aan die begin geformuleer is, is dit veral die makrogemeente wat die gebrek aan koinonia intens ervaar. Dis hier waar 'n weg gevind moet word om "kleinkerk" en "grootkerk" sáám op weg te plaas. Daar móét **warmte en intimiteit** in die kerk teruggebring word sonder om in die uitwasse van 'n konventikelbeweging vas te val. Lidmate het behoefte aan die persoonlike meelewing en ondersteuning wat veral in die kleiner opset te vinde is — waar hulle mekaar as

geloofsfamilie ontdek — sowel as aan die grootse vergesigte wat in die groot samekomste van die gemeente geopen word. Elkeen van hierdie kringe bied iets wat die ander nie kan nie.

3.4 Dit gaan egter nie net oor warmte en intimiteit nie, maar ook oor die belewing van die **eenheid** van die gemeente. Beide is in die klein én groot opset te vinde. Lidmate moet prakties beleef hoe onderlinge sorg 'n uitvloeisel is van die gemeenskaplike band in Christus. Binne 'n makrogemeente is dit seker nie 'n denkbeeldige gevaar dat die eenheid wat wesenlik aan die kerk is, verlore kan gaan, veral as die kleingroep oorbeklemtoon word nie (wat tot groep- en kliekvorming aanleiding kan gee). Of daar word slegs met diegene gewerk wat hulle láát inskakel. Dit is dus 'n besondere uitdaging aan makrogemeentes om kleingroepe te koördineer en die hele gemeente by die viering van die kerk se eenheid — onderling én in Christus — in die gesamentlike erediens en in breër werksaamhede te betrek.

3.5 Eenheid en **verskeidenheid** sluit mekaar nie uit nie. Dit het duidelik geblyk uit afdeling 2.2.2. Die heterogeniteit van makrogemeentes moet daarom vír die gemeente begin werk, in plaas daarvan om as 'n kruis beleef te word. 'n Makrogemeente kan inderdaad as 'n mikrokosmos van die kerk in die breë gesien word. In stede daarvan om almal "onder een kombers te probeer toemaak" (strakke uniformiteit), kan die uiteenlopendheid van insigte, opvattings, sienings, agtergronde, strewes, gawes en spiritualiteite juis dien om die verskillende moontlikhede van gemeente-wees te eksploiteer. 'n Mens dink hier aan die baie dienserreine van die kerk waar 'n makrogemeente met sy groot verskeidenheid van gawes en kundighede besondere diens kan lewer.

Maar ook hier moet katvoet geloop word. Dit is nie 'n denkbeeldige gevaar dat die verskillende diensgroepe elkeen so 'n gedrewenheid kan ontwikkel dat die groepe later 'n eie lewe los van mekaar en van die gemeente begin voer, en as belangegroepe téén mekaar begin werk nie. Daarom sal besondere sorg daaraan bestee moet word om die diensgroepe met mekaar te laat kontak hou en saamwerk. Want uiteindelik gaan dit oor die eenheid van die kerk, nie oor elkeen se eie klein koninkrykie wat ten koste van die ander bevorder moet word nie.

3.6 Waar die anderwêreldse of geestelike dimensie in 3.1 beklemtoon is, is dit nou weer die **goeie organisasie** se beurt. Goeie organisasie mag nie teenoor geestelike bediening gestel word nie, soos die bespreking oor charisma en organisasie in die kerk in 2.2.3 aangedui het. Dis nou eenmaal so dat 'n makrogemeente nie soos 'n eenman-negosiewinkeltjie bestuur kan word nie. Dit het goeie organisasie en fyn beplanning nodig. Goeie organisasie is nie minder geestelik as die "suiwer" geestelike nie. Trouens, die geestelike en morele weefsel van 'n gemeente word ook sigbaar in die mate waarin 'n gemeente moeite doen om alles — ook die organisatoriese — tot eer van die Here te doen, tot in die fynste besonderhede toe. Dis dikwels juis in die getroue uitvoering van klein en skynbaar geringe takies waar die toets vir egte geestelikheid lê. 'n Mens mag nie net in die groot dinge getrou wees nie. Ook die klein dingetjies vra toewyding. Dit is egter belangrik dat die organisasie altyd in diens van die geestelike bediening van die gemeente staan. Wanneer organisasie 'n grootheid op sigself geword het, begin die gevaarligte flits. Dis moeilik om te sê wanneer daardie punt bereik word, maar die Gees van die Here sal 'n mens hierin lei. Die groot saak is dat 'n makrogemeente steeds voluit gemeente van Christus is en hom in sy organisasie deur hierdie waarheid moet laat lei.

In afdeling 2.2.3 het dit ook duidelik aan die lig gekom dat die amp van die begin af deel van die kerk was. Dis nie iets wat eers na vore getree het toe die spontane werking van die Gees sogenaamd begin taan het nie. Die huidige krisis rondom die ampte (dreigende identiteits- en funksieverlies) mag dus nie daartoe lei dat die kerk die ampte onderwaardeer en uitrangeer nie (die demokratisering van die kerk) of, aan die ander kant van die spektrum, sogenaamd Bybelse ampte (soos die apostels) op 'n lukraak wyse laat herleef nie (die charismatisering van die kerk). Soos uit die bespreking in 2.2.3 geblyk het, is daar 'n noue band tussen charisma en amp. In die veramptelikting van die kerk — die amp ter wille van die amp — word die band tussen amp en charisma deurgesny tot groot skade van die kerk. Want dit ís so dat die kerk deur Woord en Gees gelei word. Maar eweseer ly die kerk skade wanneer die tradisionele Geestes-

gawes oorbeklemtoon word ten koste van die praktiese, nugtere en geakkumuleerde wysheid beliggaam in deurwinterde gesagsfigure. Ook hierdie eienskappe is gawes van die Gees (vgl die argument in 2.2.3 vanuit Rm 12). Makrogemeentes het juis die voordeel dat hulle 'n groter potensiaal van lidmate het wat hierdie wysheid uitstraal. Dit gaan dus nie net daaroor dat die kerk mense hulle gawes laat ontdek nie, maar dat die kerk ook sy ampte (her)ontdek. Daar is 'n fyn balans tussen spontaneïteit en gesag. Die Gees is inderdaad aan die werk wanneer daar entoesiasme en spontaneïteit teenwoordig is, maar ingelyks wanneer die Christusregering deur die ampte verteenwoordig word wat die kerk in wysheid bewaar van willekeurige en onbesonne optredes (vgl die posisie van die ouderlinge/opsieners in bewaring van die gesonde leer, afd 2.2.1).

# BIBLIOGRAFIE

DUDLEY C S & HILGERT E

1987. *New Testament tensions and the contemporary church.* Philadelphia: Fortress.

DUNN J D G

1998. *The theology of Paul the apostle.* Edinburgh: T&T Clark.

GILES K

1995. *What on earth is the church? An exploration in New Testament theology.* Downers Grove: InterVarsity Press.

HAENCHEN E

1971. *The Acts of the Apostles.* Oxford: Basil Blackwell.

REINHART W

1995. "The population size of Jerusalem and the numerical growth of the Jerusalem church", in *The book of Acts in its first century setting. Volume 4: Palestinian setting.* Bauckham R (ed). Grand Rapids: Eerdmans.

ROBERTS J H

1984. "Die kerk by Paulus", in *Handleiding by die Nuwe Testament. Band V.* Du Toit A B (red): 282-319. Pretoria: NGKB.

ROLOFF J

1993. *Die Kirche im Neuen Testament.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Grundrisse zum NT 10.)

RUSSELL K A

1994. *In search of the church in the New Testament. New Testament images for tomorrow's congregations.* New York: Alban Institute.

SCHNACKENBURG R

1981. *The church in the New Testament.* London: Burns & Oates.

VAN ZYL H C

1997. "Die huiskerk in die Nuwe Testament — model of mite?". in *Kleingroepbediening en selgemeentes?* Britz R M (red):36-47. Bloemfontein: CLF. (*UV Teologiese Studies* 9.)

1998. The evolution of church leadership in the New Testament — a new consensus? *Neotestamentica* 32, 579-598.